Sentrum vir Publieke Getuienis

publiekegetuienis.org

# VERSLAG OOR LANDELIKE VEILIGHEID

## Konsultasie gefasiliteer deur die Sentrum vir Publeiek Getuienis

### 29 Augustus 2024 via MS Teams

’n Groot dankie aan al die rolspelers wat die vergadering bygewoon het. Ons waardeer jul waardevolle insette geweldig en is opgewonde oor die moontlikhede/geleenthede wat uit hierdie, en soortgelyke gesprekke, ontsluit kan word.

’n Besondere woord van dank aan Minister Ivan Meyer (Provinsiale Minister van Landbou) wat die vergadering bygewoon het en besonderse insette gelewer het.

## Rede vir die byeenkoms:

Die afgelope tyd vind daar steeds aanvalle en moorde in die landbougemeenskappe plaas. Dit het ons tot die punt gebring om hierdie konsultasie te reël. ’n Verdere rede is ’n gevoel wat groei dat die kerk op soveel vlakke in noue verhouding met die landbou gemeenskap leef, maar dalk nie die landbougemeenskap genoegsaam ondersteun in hul soektog na **dieper sistemiese oplossings** vir hierdie krisis nie.

**Hier volg dan nou ’n opsomming van sommige van die insette wat tydens en na die konsultasie gelewer is:**

- Landbou is goed georganiseer ten opsigte van beveiliging. Dit is egter ook so dat miljoene rande in die proses spandeer word. Hierdie is geld wat inderdaad spandeer sou kon word op gemeenskapsontwikkeling, wat net so broodnodig is. Daar is wel ’n besorgdheid uitgespreek dat hoewel baie gedoen word om die gemeenskap te beveilig, die ervaring tog soms is dat daar steeds in silo’s gewerk word.

- Wanneer daar ’n wond is, moet daar pleisters op geplak word. Die landbougemeenskap en georganiseerde landbou plak tans uitstekende en duur pleisters op. Ons weet egter dat die wond en die oorsaak vir die wond op die langtermyn aangespreek moet word.

- Die volgende kan gelys word as moontlike oorsake vir die “wond” wat ons tans sien (geweld en misdaad in landelike omgewings):

1. ’n Getraumatiseerde samelewing wat oor die jare baie geweld ervaar het en sukkel om uit hierdie spiraal te kom.
2. Daar mag politiesgedrewe gevalle wees.
3. Gebroke gemeenskappe waarin wantroue hoogty vier.
4. Armoede en honger.
5. Afwesige ouers en gebrekkige waardesisteme.
6. Ongedokumenteerde buitelanders.
7. Dwelms en drankmisbruik wat lei tot ander sosiaalmaatskaplike probleme (bv. tienerswangerskappe en gesinsgeweld).

## Die vraag is waar begin ons?

Christo van der Rheede beklemtoon hier die rol wat **dialoog** op gemeenskapsvlak moet speel. Ons moet soek na **groter sosiale kohesie en 'n versoende, geneesde gemeenskap.** Ons moet luister na almal en daar moet aksiepunte bymekaar gesit word. Dit is belangrik om te onthou dat bepaalde intervensies slegs op sekere vlakke kan gebeur. Gemeenskappe moet dus fokus op hul onmiddellike omgewing.

Die probleem moet op **nasionale vlak** (met 'n goedfunksionerende staat), **provinsiale vlak** en **plaaslike vlak** aangespreek word. Minister Ivan Meyer het gedeel watter intervensies/voorsorgmaatreëls reeds in plek gesit is in 'n poging om hierdie probleem aan te spreek. Hy het egter bevestig dat hoewel hierdie maatreëls 'n daadwerklike rol kan speel in die aanspreek van hierdie kommerwekkende tendense, dit net regtig suksesvol kan wees met die inkoop van die gemeenskappe.

**Dit is veral op plaaslike vlak waar kerke en landbou hande sal moet vat en in gesprek met plaaslike regerings moet tree om saam te werk aan moontlike oplossings** (waar provinsiale regerings geneë is om deel te word van die gesprek moet dit aangegryp word). Minister Ivan Meyer het beklemtoon dat meeste van die werk rondom plaasmoorde op hierdie stadium reaktief is. Die ideaal is dat ons by 'n punt kan kom waar ons kan sê ons het 'n stelsel en 'n meganisme wat die plaasmoorde kan voorkom. Die konsultasie het egter uitgewys dat verskillende gemeenskappe ook unieke omstandighede het en dat daar dus prosesse op plaaslike vlak gefasiliteer moet word om sistemiese oplossings vir daardie gemeenskap te vind.

## Van die oplossings/sake wat aangespreek moet word sluit in:

1. Ouerprogramme en die vestiging van goeie waardesisteme.
2. In baie opsigte is die netwerke, befondsing en hulpbronne reeds beskikbaar, maar daar word in silo's gewerk, inplaas daarvan dat almal saamkom en saam werk om die probleme aan te spreek. Kerkeenheid en samewerking tussen die verskillende denominasies op dorpe sal 'n groot stap in die regte rigting wees. Integrasie, doeltreffende koördinering en fasilitering is wat nou die prioriteit moet wees.
3. Die kerk moet 'n groter rol speel in die promovering van gesonde gemeenskappe. Gesonde gemeenskappe skep gesonde struktuur wat sekere onwenslike gedrag inhibeer en die ontwikkeling van goeie burgerskap bevorder. Die jeug moet hier die hooffokus wees en daar kan begin word om te kyk na gesonder en opbouende vermaak vir die jeug (veral oor naweke) in 'n poging om hul weg te hou van drank en dwelms. Deur struktuur te gee vir die jeug, skep jy 'n platform waarop funksionerende gemeenskappe gebou kan word. Navorsing beaam dat kerk en skole stabiliseerders in gemeenskappe is en dus het hierdie instansies 'n groot verantwoordelikheid.
4. Die daarstel van vaardigheidsopleiding en entrepreneurskap. In kort moet die gemeenskap HOOP kry dat daar lig in die tonnel is.

**Holistiese benadering:**

- **Staat**
- **Kerk**
- **Gemeenskap**

## Die volgende is ook belangrik om van kennis te neem:

- Minister Ivan Meyer se sewe opmerkings:

1. Hy bedank die mense wat deelneem aan die gesprek. As verteenwoordigers van landbou in die land beteken dit baie om te weet daar die hartseer en pyn wat gepaardgaan met die krisis rondom plaaslike veiligheid op hierdie vlak gedeel kan word.
2. Hy sal terugvoering gee aan Wes-Kaapse kabinet.
3. Net vir kennisname: Die Wes-Kaap se Premier en Minister Anroux Marais het in Augustus 'n ooreenskoms geteken vir beter samewerking met die Suid-Afrikaanse polisie. Hierdie ooreenkoms sal aan Braam Hanekom gestuur word.
4. Daar word saamgestem dat armoede een van die kernoorsake van die probleem rondom landelike veiligheid is. Die president het die drie prioriteite van regering van nasionale eenheid gespesifiseer as: Inklusiewe ekonomiese groei, die aanspreek van armoede, en die bou van 'n bevoegde staat. Ons moet almal saamwerk om bevoegde staat te skep.
5. Landbou is 'n werkwoord: Bou die land! Deur hierdie tipe gesprekke sal ons dit nog beter kan doen.
6. Hy beaam dat sistemiese ingrepe nodig is.
7. Nasionale dialoog moet gebruik word om insette te lewer op 'n sistematiese en gestruktureerde manier. Ons moet dit doen aan die hand van gevallestudies van wat werk.

**"Landbou is 'n werkwoord: Bou die land!"**

- Christo van der Rheede se pleidooi dat landbou en kerke reeds op plaaslike vlak georganiseer word om deel te word van die nasionale dialoog. Hierdie is ook 'n standpunt wat die Sentrum vir Publieke Getuienis 'n geruime tyd ondersteun en ook gereed is om van deel te word. Hierdie gedagtes word ook in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke uitgespreek.

- Dr Braam Hanekom onderneem om so spoedig moontlik met die moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode, sowel as die moderator van die NG Kerk in die Wes-Kaap in gesprek te tree om wat hier bespreek is in behandeling te neem en sodoende ook van die kerk se kant af konkrete oplossings te gee. Ons dank ook aan Minister Meyer wat onderneem het om van hierdie bevindinge op kabinetsvlak te deel.

**Prioriteite van die Regering van Nasionale Eenheid:**

- **Inklusiewe ekonomiese groei**
- **Die aanspreek van armoede**
- **Die bou van 'n bevoegde staat.**

## Ten slotte:

As ons 'n gelukkige en veilige samelewing wil vind sal ons moet werk aan 'n gesonde, geneesde gemeenskap waarin sosiale kohesie verhoog word. Dit gaan nie vanself gebeur nie, maar konkrete en harde werk vra. Ons verbind ons egter graag om deel te word en sien uit na verdere gesprekke.

*Opgestel deur Dr Braam Hanekom*
*Direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis*